

MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS



REKENINGKUNDE

GRAAD 12

SEPTEMBER 2009

PUNTE: 300

TYD: 3 URE

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. U word van 'n vraestel en 'n antwoordboek voorsien.
2. Die vraestel bestaan uit SES verpligte vrae. Beantwoord al hierdie vrae.
3. Doen u antwoorde op die formaat wat voorsien word.
4. Bewerkings moet getoon word ten einde deelpunte te verdien.
5. U moet poog om by die voorgestelde tydstoekenning te bly.
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. U mag 'n potlood wat donker skryf of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n aparte antwoordboek.

SEPTEMBER 2009
PUNTE: 300 MINUTE: 180

VRAAG 1: 45 Punte; 27 Minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomst wat gedek is:
Vorrade	LU 3 – Bestuur van hulpbronne AS 4 – Waardeer en bereken die waarde van voorraad met spesifieke verwysing na die verskillende metodes om voorraad te waardeer.

VRAAG 2: 55 Punte; 33 Minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomst wat gedek is:
2.1 Bankversoening	LU 1 – Finansiële Inligting AS 4 – Stel bankversoeningstaat op.
2.2 Interne beheer	LU 3 – Bestuur van hulpbronne AS 6 – Demonstreer kennis van interne beheer

VRAAG 3: 35 Punte; 23 Minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomst wat gedek is:
Vervaardiging	LU 2 – Bestuursrekeningkunde AS 2 – Opstel van 'n produksiekostestaat.

VRAAG 4: 27 Punte; 16 Minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomst wat gedek is:
Geprojekteerde Inkomstestaat	LU 2 – Bestuursrekeningkunde AS 3 – Ontleed 'n geprojekteerde inkomstestaat.

VRAAG 5: 113 Punte; 66 Minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomst wat gedek is:
5.1 Balansstaat	LU 1 – Finansiële Inligting AS 5 – Opstel van Finansiële state
5.2 Oudit prosesse	LU 2 – Bestuursrekeningkunde AS 6 – Demonstreer kennis van ouditprosesse
5.3 Kontantvloeiastaat	LU 1 – Finansiële Inligting AS 5 – Opstel van Finansiële state

VRAAG 6: 25 Punte; 15 Minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die leeruitkomst wat gedek is:
BTW	LU 1 – Finansiële Inligting AS 7 – Toepassing van BTW beginsels.

VRAAG 1**[45 Punte: 27 Minute]****VOORRAADWAARDASIE EN PROBLEEMOPLOSSING****1.1 VOORRAADWAARDASIE**

Laduma Handelaars koop sokkerballe van Australië en verkoop dit dan aan verskeie kleinhandelondernemings in Suid-Afrika. Hulle gebruik die EIEU (Eerste-In- Eerste-Uit-metode) om hul voorraad te waardeer.

OPDRAG:

- 1.1.1 Bereken die koste van verkope vir Mei 2009 deur gebruik te maak van die EIEU-metode. (11)
- 1.1.2 Bereken die bruto wins vir Mei 2009 (3)
- 1.1.3 Bereken die waarde van die handelsvoorraad voorhande op 31 Mei 2009 (4)
- 1.1.4 Die eienaar van Laduma Handelaars is ongelukkig omdat die onderneming die EIEU-metode van voorraadwaardasie gebruik het en sou eerder die Geweegde-Gemiddeld-metode verkies het.

Hy het die nodige berekenings gemaak deur die geweegde-gemiddelde-metode te gebruik:

Koste van verkope	R 61 565
Bruto wins	R 111 985
Handelsvoorraad voorhande	R 4 736

Hy kom na jou toe vir raad. **Lewer kommentaar oor die volgende:**

- 1.1.4.1. Die verskil tussen die twee metodes op die finansiële state. (4)
- 1.1.4.2. Die rede hoekom die syfers verskil. (8)
- 1.1.4.3. Gee raad of die besigheid hul voorraadwaardasie metode moet verander of nie. (5)

INLIGTING

01 Mei	Voorraad voorhande: 200 sokkerballe teen R150 elk
03 Mei	Aankoop van sokkerballe: 100 balle teen R150 elk
10 Mei	Aankoop van sokkerballe: 90 balle teen R160 elk. Vervoergeld op aankope: R1 000.
20 Mei	Aankoop van sokkerballe: 50 balle teen R180 elk
23 Mei	Terugstuur van sokkerballe: 20 balle wat op 3 Mei aangekoop is.
31 Mei	Totale hoeveelheid balle verkoop: R390 Verkope: R 173 550

1.2 PROBLEEMOPLOSSING

Cardies, wat hulle voorraad op die EIEU (Eerste-In-Eerste-Uit)-metode waardeer, het hulle jaarlikse voorraadopname voltooi ten einde die finansiële state te voltooi.

Die volgende syfers is aan die eienaar van Cardies voorsien, maar hy is glad nie tevrede met werklike syfers soos per voorraadopname nie, aangesien die syfers van die voorraadopname en die syfers volgens die Handelsvoorraadrekening, verskil.

OPDRAG:

Bestudeer die syfers en stel 'n verslag op waarin jy die volgende aanspreek:

- 1.2.1 Probleemareas en moontlike redes daarvoor (6)
- 1.2.2 Twee maatreëls wat geïmplimenteer kan word om die (4)
situasie te verbeter.

VOORRAAD-ITEMS	AANTAL ITEMS SOOS PER VOORRAADREKORDS IN DIE BOEKE	AANTAL ITEMS SOOS PER VOORRAADOPNAME	+(OOSKOT) OF --(TEKORT)
Lapelwapentjies	112	111	- 01
Kaartjies	58	45	- 13
Trofee	62	79	+ 17
Kerse	24	24	0
Fotorame	18	118	+ 100
Porselein Poppe	135	30	- 105

VRAAG 2**[55 Punte: 33 Minute]****2.1 BANKVERSOENING****[46 Punte: 27 Minute]****OPDRAG:**

- 2.1.1. Gebruik die onderstaande inligting om die
Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal
vir Libangeni Handelaars vir Augustus 2009 op te stel.
Totaliseer slegs die bankkolomme in die joernale. (30)
Geen dokument nommers word verlang nie.
- 2.1.2. Voltooi die Bankrekening soos op (6)
31 Augustus 2009. Saldeer die rekening
- 2.1.3. Berei die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2009 voor (10)

NOTA: Foute word in die Kontantjoernale reggestel.**INLIGTING:**

- 2.1.4 'n Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2009 toon die volgende:

	Debiet	Krediet
Kredietsaldo volgens Bankstaat		3 571
Krediet uitstaande deposito		3 218
Debiet uitstaande tjeks: 101	1 489	
102	350	
104	950	
Debietsaldo volgens Bankrekening	?	
	6789	6789

- 2.1.5 Voorlopige totale van die Joernale op 31 Augustus 2009

2.1.5.1 Kontantontvangstejoernaal

- Bank R 44 190
- Diverse Rekeninge R 44 190

2.1.5.2 Kontantbetalingsjoernaal

- Bank R 42 500
- Diverse Rekeninge R 42 500

- 2.1.6 Met die vergelyking van die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2009 met

die Bankstaat ontvang van Ndebele Bank vir Augustus 2009, is die volgende verskille gevind:

- 2.1.6.1 Die uitstaande deposito van R 3 218 het op die Bankstaat van Augustus 2009 verskyn.
- 2.1.6.2 Tjek No. 101 vir R 1 489 is op 11 Augustus 2009 deur die bank betaal.
- 2.1.6.3 Tjek No. 102 vir R 350 is uitgereik aan Wishart Winkels ten opsigte van handelsvoorraad aangekoop. Die tjek het weggeraak en die betaling is gestop. Die tjek is vervang met tjek No. 135. Nog geen inskrywing is gemaak nie. Tjek No. 135 is nog nie deur Wishart Winkels aangebied vir betaling nie.
- 2.1.6.2 Tjek no. 104 vir R950, gedateer 15 September 2009, is nog uitstaande.
- 2.1.7 Die vergelyking van die Bankstaat van Augustus 2009 met die Kontantjoernale, toon die volgende verskille:
 - 2.1.7.1 'n Debiteur, M.Mahlanga, het R 860 direk in die besigheid se Bankrekening gedeponeer.
 - 2.1.7.2 'n Debiteur, S. Simelane, se tjek vir R566 is deur die bank teruggestuur gemerk " Verwys na Trekker".
 - 2.1.7.3 'n Aftrekorder vir R800 ten gunste van Alpha Versekeraars dek die volgende:
 - Inhoud en Geboue van die besigheid R 650
 - Eienaar se private motor R 150
 - 2.1.7.4 Ndebele Bank het Tweefontein Handelaars se lopende bankrekening met die volgende kostes gedebiteer:
 - Diensgeld R 55
 - Kontantheringsfooie R 36
 - Heffings op debiet transaksies R 11
 - 2.1.7.5 Ndebele Bank het die besigheid se lopende bankrekening met R 54 rente gekrediteer.
 - 2.1.7.6 Tjek No. 131, vir R 695 ten gunste van die Stadsraad, vir die water en elektrisiteit, het korrek op die bankstaat van Augustus 2009 verskyn. In

- die Kontantbetalingsjoernaal verskyn die tjek as R569. Herstel die fout.
- 2.1.7.7 'n Deposito vir R 4000 op 31 Augustus 2009 verskyn nie op die Bankstaat nie.
- 2.1.7.8 Die volgende tjeks is uitgerek, maar nog nie vir betaling aangebied nie.
- No. 132 R 1 639
 - No. 133 R 1 051
- 2.1.8 Die Bankstaat toon 'n gunstige saldo van R 5000 op 31 Augustus 2009.

2.2 INTERNE BEHEER

[9 Punte: 6 Minute]

- 2.2.1. Gee drie redes waarom dit belangrik is vir 'n besigheid om (3)
elke maand 'n bankversoeningstaat op te stel.
- 2.2.2. Noem drie ander interne beheermaatreëls wat 'n besigheid (6)
kan implementeer om sy kontant te beskerm.

VRAAG 3.**[35 Punte; 23 Minute]****VERVAARDIGING.**

Die volgende inligting het betrekking tot Nkomazi Slot Vervaardigers.
Die eienaar van die besigheid is Nelson Mkhabela.

OPDRAG:

- 3.1. Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 op. Toon AL jou berekeninge in hakies. (14)
- 3.2. Bereken die volgende eenheidskoste vir 2009:
 - 3.2.1. Produksiekoste per eenheid (3)
 - 3.2.2. Direkte materiaalkoste per eenheid (3)
 - 3.2.3. Direkte arbeidskoste per eenheid (3)
 - 3.2.4. Fabriekbokoste per eenheid (3)
- 3.3. Verduidelik wat die Gelykbreekpunt is en hoe dit deur 'n vervaardigingsonderneming bereken word. (4)
- 3.4. Stel die Handelsstaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 op. (5)

INLIGTING:**VOORRAAD VOORHANDE OP 1 JULIE 2008.**

Grondstowwe	R 30 000
Goedere - in- bewerking	R 36 000
Klaarprodukte (7 200 Slotte almal is in Julie verkoop)	R 61 920

VOORRAAD VOORHANDE OP 31 JUNIE 2009.

Grondstowwe	R 36 000
Goedere - in- bewerking	R 24 000
Klaarprodukte (8 000 Slotte)	?

BEDRAE VERSKULDIG OP 1 JULIE 2008.

Krediteure vir grondstowwe	R 21 000
Direkte lone	R 9 000
Fabrieksbokoste	R 5 400

BEDRAE VERSKULDIG OP 30 JUNIE 2009.

Krediteure vir grondstowwe	R 24 000
Direkte lone	R 7 200
Fabrieksbokoste	R 6 000

ANDER INLIGTING:

Koste van grondstof deur die jaar gebruik	R 270 000
Direkte lone vanjaar betaal	R 180 000
Fabrieksbokoste vanjaar betaal	R 97 200
Waardevermindering van aanleg en masjinerie vir jaar	R 18 000
Advertensiekoste	R 40 000
Verkoop van klaarprodukte(59 200 Slotte)	R 634 344
60 000 Slotte is vanjaar vervaardig.	

Alle slotte is teen 'n konstante winsgrens van 20% op kosprys deur die jaar verkoop

VRAAG 4**[27 Punte; 16 Minute]****GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT**

Die eienaar van HILTON Handelaars, Tom Hilton is besorg oor die winsgewendheid van sy besigheid. Hy het die besigheid se rekenmeester gevra om vir hom 'n maandelikse geproekteerde inkomstestaat, vir die drie maande geëindig 30 Junie 2009 op te stel. Tom kon nie die rekenmeester in die hande kry om die projeksie aan hom te verduidelik nie, aangesien hy weg is met vakansie. Hy vra jou om dit te verduidelik en raad te gee oor sekere aspekte van die geproekteerde inkomstestaat.

INLIGTING:

**MAANDELIKSE GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE
TYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 2009**

	APRIL	MEI	JUNIE
Verkope	45 000	49 500	48 375
Koste van verkope	(25 000)	(27 500)	(26 875)
Bruto wins	20 000	22 000	21 500
Ander Inkomste			
Rente ontvang	800	800	800
Bruto bedryfs inkomste	20 800	22 800	22 300
Ander Bedryfsuitgawes	(16 510)	(17 580)	(17 064)
Salarisse en lone	5 000	5 500	5 500
Oninbare skulde	410	800	0
Versekering	1 200	1 200	1 200
Waardevermindering	900	900	1 000
Diverse bedryfsuitgawes	9 000	9 180	9 364
Bedryfs wins	4 290	5 220	5 236
Rente ontvang	510	524	538
Wins voor rente uitgawe	4 800	5 744	5 744
Rente betaal	(700)	(700)	(700)
Netto wins vir die jaar	4 100	5 044	5 074

OPDRAG VOLG OP VOLGENDE BLADSY

VRAAG 4.1. (vervolg)

OPDRAG

4.1. Tom verlang 'n verduideliking oor elk van die volgende aspekte:

- 4.1.1. Salarisse en lone - wat is die persentasie verhoging? (2)
- 4.1.2. Salarisse en lone - sal die werknemers en unies tevrede wees met die salarisverhoging? (2)
- 4.1.3. Oninbare skulde - hoekom is daar geen oninbare skulde vir Junie nie? (2)
- 4.1.4. Waardevermindering - hoekom het waardevermindering in Junie verhoog? (2)
- 4.1.5. Diverse bedryfsuitgawes - wat is die persentasie verhoging vir elke maand. (2)
- 4.1.6. Rente inkomste - hoekom verhoog rente inkomste elke maand, maar die bedrag van die oorspronklike belegging het onveranderd gebly. (2)

4.2. Raad oor die volgende aspekte word ook van jou verlang:

- 4.2.1. Bereken die winsopslagpersentasie. (3)
- 4.2.2. Verduidelik kortliks of die winspersentasie verhoog moet word of nie. (4)
- 4.2.3. Die eienaar is onseker of hy die belegging moet behou en of hy dit eerder moet opvra om die leningsbedrag te betaal of te verminder. (4)
- 4.2.4. Verhuringskontrak (huur inkomste) - die kontrak verstryk in Augustus 2009. Gee 'n kort verduideliking of die huurkontrak hernu moet word. Tom wil ook weet of hy die maandelikse huur moet verhoog. Hy het dit nie in die afgelope twee jaar verhoog nie. (4)

VRAAG 5**[113 Punte; 66 Minute]****VRAAG 5.1 BALANSSTAAT****(26 punte; 16 minute)**

Die volgende inligting is verkry uit die rekenkundige rekords van Laeveldbouhandelaars Beperk.

Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 aandele van R2 elk.

OPDRAG:

Voltooi die Balansstaat van Laeveldbouhandelaars Bpk soos op 28 Februarie 2009. (26)

Let wel: Toon alle berekeninge in hakies, sodat deelpunte toegeken kan word.

Die **nettowins** vir die jaar het R448 500 beloop.

INLIGTING:

Die volgende saldo's het in die Grootboek van Laeveldbouhandelaars Bpk op 28 Februarie 2009 verskyn.

Gewone aandelekapitaal	R 800 000
Opgehoopte wins (28 Februarie 2009)	167 920
Grond en Geboue	956 000
Toerusting	526 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	157 800
Vaste deposito: Midsomer Bank	100 000
Lening van Bond Securities	120 000
Handelsvoorraad	389 990
Verbruiksvoorraad voorhande	31 710
Debiteurekontrole	141 200
Krediteurekontrole	46 950
Voorsiening vir oninbare skulde	4%
Wisselgeld	1 000
Kleinkas	500
Opgelope uitgawe	18 210
Vooruitbetaalde uitgawe	9 548
Vooruitontvange inkomste	20 000
Opgelope inkomste	7 500
Oortrokke bank	83 840
SAID (Inkomstebelasting) Kt - 28 Februarie 2009	3 080
Opbrengs van aandele uitgereik	500 000

VRAAG 5.1. (vervolg)

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Aandele uitgereik:

Op 1 Desember 2008 is 'n verdere 200 000 aandele teen R2,50 per aandeel uitgereik.

Die boekhouer het nie geweet hoe om hierdie transaksie te verwerk nie, en het 'n nuwe rekening "opbrengs van aandele uitgereik" geopen en die volle bedrag ontvang teen die rekening gekrediteer.

2. Dividende:

'n Interim dividend van 10c per aandeel is verklaar en op 31 Augustus 2008 aan die aandeelhouders betaal. 'n Finale dividend van 40c per aandeel is op 28 Februarie 2009 deur die direkteure verklaar.

3. Bankstaat:

Toe die bankstaat met die Kontantjoernale vergelyk is het die boekhouer ontdek dat tjek no.1278 nog uitstaande is. By nadere ondersoek het dit geblyk dat hierdie tjek, vir R15 000, gedateer 13 Maart 2009 aan Handyman Bpk uitgereik is ter betaling van die herstel aan die dak wat reeds in Januarie 2009 voltooi is.

4. Vaste Deposito:

Die helfte van die vaste deposito verval op 1 Desember 2009.

5. Lening:

Die ooreenkoms met Bond Securities bepaal dat R20 000 jaarliks op 1 September terugbetaal moet word.

VRAAG 5.2 Oudit

(19 Punte; 10 minute)

Oudit opinie: In ons opinie is die finansiële state in alle wesenlike opsigte, 'n billike aanbieding van die finansiële stand van die maatskappy en die groep op 28 Februarie 2009, en die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloeï vir die jaar geëindig in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslaggewingsstandaarde (IFVS) en op die wyse wat deur die Maatskappiewet van Suid-Afrika vereis word.

OKUHLE & VENNOTE**GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)****GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE****Nelspruit
30 Augustus 2009**

- 5.2.1. Is jy van mening dat die aandeelhouers tevrede moet wees met hierdie ouditverslag of nie? (3)
- 5.2.2. Hoekom maak ouditeure gebruik van bladsy nommers in hul ouditverslag. (2)
- 5.2.3. In die verslag noem die ouditeure dat hulle die rekeningkundige beginsels wat die maatskappy gebruik ondersoek het. Noem drie voorbeelde van die beginsels wat hulle moontlik kon ondersoek. (6)
- 5.2.4. Wat kan die moontlike gevolge wees indien Okuhle & Vennote nie hul werk deeglik gedoen het nie? Noem drie. (6)
- 5.2.5. Waarvoor staan die engelse afkorting "SAICA" ? (2)

VRAAG 5.3 KONTANTVLOEISTAAT

(69 punte; 40 minute)

Die gegewe inligting is uit die finansiële state van Arthurseat Beperk op 28 Februarie 2009, die einde van die finansiële jaar, geneem.

OPDRAG

- 5.3.1 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009. (Toon alle notas en berekeninge.) (51)
- 5.3.2 Die kontantvloeistaat toon dat die direkteure sekere belangrike besluite gedurende die jaar geneem het. Noem twee. (4)
- 5.3.3 Bereken die vuurproefverhouding vir beide jare en lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die maatskappy. (14)

VRAAG 5.3. (vervolg)

Items geneem uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009

Omset	1 375 605
Waardevermindering op toerusting	?
Inkomstebelasting	148 176
Rente op geleende geld	26 460
Nettowins vir die jaar	345 744

ARTHURSEAT BPK Balansstaat op 28 Februarie 2009

BATES	Notas	2009	2008
Nie-bedryfsbates		961 296	602 700
Grond en geboue teen kosprys		696 696	399 000
Toerusting teen drawaarde		264 600	203 700
Bedryfsbates		276 948	317 100
Voorraad		145 278	221 550
Handels en ander debiteure		125 370	95 550
Kontant en kontantekwivalente		6 300	-
Totale bates		1 238 244	919 800
EKWITEIT EN AANSPEEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes		1 026 144	638 400
Gewone aandele kapitaal		840 000	630 000
Opgehoopte wins		186 144	8 400
Nie-bedryfslaste		73 500	134 400
Verbandlening		73 500	134 400
Bedryfslaste		138 600	147 000
Handels en ander krediteure		138 600	123 900
Bank overdraft		-	23 100
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		1 238 244	919 800

Notas tot die finansiële state

1. Totale dividend op gewone aandele, R168 000.
2. Toerusting is gedurende die jaar teen drawaarde, R49 980, verkoop.
Nuwe toerusting wat R147 000 gekos het, is op 28 Februarie 2009 gekoop.

3.

Handels en ander ontvangbare bedrae	2009	2008
Handelsdebiteure	117 810	80 850
Opgelope inkomste	7 560	6 090
SAID (inkomste belasting)	-	8 610

VRAAG 5.3. (vervolg)

4.

Handels en ander betaalbare bedrae	2009	2008
Handelskrediteure	59 850	70 980
Opgelope uitgawes	11 760	8 820
SAID (inkomstebelasting)	10 290	-
Aandeelhouers vir dividende	56 700	44 100

VRAAG 6**[25 Punte;15 Minute]**

Ermelo Handelaars se eienaar is Me Ditshego en die besigheid is geregistreer vir BTW volgens Kategorie B, i.e. op die faktuur basis, op 'n maandelikse basis. Ermelo Handelaars doen slegs besigheid met ander geregistreerde BTW-ondernemings.

Jy word voorsien met die inligting uit die Joernale vir Augustus 2009.

OPDRAG:

- 6.1. Wat is Belasting op toegevoegde waarde en wat is die standaardkoers vir BTW in Suid-Afrika? (3)
- 6.2. Voltooi die BTW-kontrolerekening om die bedrag verskuldig aan die SAID vir Augustus 2009 te bereken. (18)
- 6.3. Me Ditshego het nie genoeg geld in haar bankrekening om die BTW aan die SAID te betaal nie.
Huidiglik is die bankrekening oortrokke met R50 000.
Watter raad behoort jy aan haar te gee:
- Om die probleem vir hierdie maand op te los (2)
 - Om die probleem in die toekoms op te los (2)

VRAAG 6 (vervolg)**INLIGTING UIT DIE JOERNALE:**

Kontantontvangstejoernaal	
Totaal van verkope kolom	942 000
Totaal van debiteure kolom	420 000
Totaal van Diverse rekeninge	ZERO
Totaal van uitset-BTW kolom	?
Kontantbetalingsjoernaal	
Totaal van Handelsvoorraad kolom	248 000
Totaal van krediteure kolom	494 000
Totaal van diverse rekeninge	580 000
Totaal van inset-BTW kolom	?

Debiteurejoernaal	
Debiteurekontrole kolom (BTW ingesluit)	397 860
Debiteureafslagjoernaal	
Totaal van uitset-BTW kolom	6 930
Krediteurejoernaal	
Totaal van BTW kolom	58 170
Krediteureafslagjoernaal	
Totaal van inset-BTW kolom	7 210

ALGEMENE JOERNAAL:

- Die eienaar neem voorraad teen kosprys, R9 000, vir haar eie gebruik. Die BTW op hierdie goedere beloop R1 200.
- 'n Debiteur, C van Niekerk, het verdwyn. Haar skuld van R4 560 is afgeskryf as oninbare skuld. Alle goedere aan haar verkoop was onderhewig aan BTW en beloop R560.

TOTAAL 300